
Pretoria, Staatsteater,




*Sedert die heel eerste argitektoniese skets van die latere Staatsteater Pretoria gemaak is, was daar heelwat veranderinge*

*One of the very first architectural drawings made of the proposed State Theatre*

# Die Staatsteater Pretoria:

## Pronkwerk vir Suid-Afrika

deur ULRICH STARK

WANNEER die Staatsteater in Pretoria binnekort in werking gestel word, sal die hart van die Hoofstad 'n myl of wat verder oos klop.

Stel jou die uiteindelike voor: Op die straatblok begrens deur Pretoriusstraat aan die suide, Van der Waltstraat aan die weste en Prinsloo aan die ooste, is daar dan die Strijdom-monument en die Staatsteaterkompleks, met die indrukwekkende Volkskasgebou wat op die agtergrond waghou. Regoor, aan die noordekant lê daar dan 'n groen oop plein tot feitlik teenaan die stad se Munitoria-gebou. Kerkstraat is een lang boulevard tot teen die Plein in die weste . . .

Die staatsteater nader nou sy voltooiing — 'n reuse-kultuurfabriek van R46,5 miljoen. Binne afsienbare tyd sal hierdie gebou leef met die op- en uitvoerings wat daar gehou gaan word, maar bedags ook as 'n plek om te besoek, om vriende te ontmoet, om mekaar te leer ken.

As 'n mens op 'n vooraf-besoekie deur die ampervoltooide geboukompleks geneem word op 'n stap-en-geselstoertjie van twee en 'n half uur, deins jy keer



vol. 29, no. 1.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2013